
# 32 Bring aan die volke die boodskap




Hy, die geliefde, die enigste daartoe verkore,
ly vir ons sonde; en red ons, in sonde verlore.
Die Kind word Kneg, Hy neem ons sondeskuld weg - ons word in Hom weergebore.

Hy sal, begrypend, die riet wat geknak is, nie breek nie!
Hy laat die swakke, verdrukte nie vrugteloos smeek nie:
Die Kneg is Heer! Duisende wag op sy leer - laat ons hul nood nie vergeet nie.

As Hy ons roep tot sy diens – hoe sal ons dit mag weier?
Hy is almagtig, genadig, die troue bevryder;
dit gee ons krag: knegte met koningsgesag het God as hul medestryder.

Adriaan Petrus van der Colf (1934-2002) Stralsund (1665)